



Bron
nr.
0 7 2 8

Datum
00101215056

Onderwerp
nr.
1 8

Knipsel
nr.
16270

finansies &
TEGNIK

Jg..... Nr..... P...20... Dat...25 Feb 2000

Stywe doppe Reaganomie en Thatcherisme

MARGARET THATCHER sou trots gewees het as Trevor Manuel haar minister van finansies was. Thatcherisme omdat die wile van privatisering oplaas begin rol, die staat nou op 'n aktiewe grondslag sy bates en laste bestuur, inflasietekens gestel word en daar 'n besliste poging is om die staatsbestuur finaal te bevry van jare se ondoeltreffende boere-sosialisme.

Ronald Reagan sou ook trots gewees het. Manuel verminder immers persoonlike belastingkoerse.

Maar die tyd het aangestap sedert Thatcher en Reagan sluimerende sosialisme in Brittanje en Amerika vroeg in die jare tagtig bloedneus geslaan het.

Toe Thatcher Downingstraat 10 in 1990 ontruim het, was die hedendaagse begrip "korporatiewe beheer" nog nie 'n gonswoord nie. Adrian Cadbury se geskiedkundige verslag oor dié onderwerp het eers etlike jare later gevolg. Die moderne beginsels van korporatiewe beheer soos ons dit vandag ken, het dus nog nie neerslag in die Britse staatsbestuur gevind nie.

Ook was die meeste van Bill Gates se Microsoft-drome nie deel van Reagan en Thatcher se drome nie.

Die hedendaagse Mbeki-regering en bepaald Manuel het dus 'n voordeel wat Reagan en Thatcher nie gehad het nie. Hulle kan 'n moderne staatsbestuurskep wat onderlê word deur nuwe waardestelsels en leierskapstyle. Filosofies adem die begrotingsdokumente wat Manuel vandeeweek in die parlement ter tafel gelê het, die gees van 'n moderne oop gemeenskap in.

Trouens, sommige van die ouer maatskappye in SA wat nog weerstand bied teen moderne openbaarmaak-norme kan gerus 'n bladsy uit Manuel se boek skeur.

En dit is nie omdat hy 'n lid is van 'n bepaalde politieke party nie. Eerder omdat hy sy werk binne die spelreëls van 'n oop gemeenskap verrig. Dit sluit internasionale blootstelling, 'n regstaat en 'n vrye media in.

Dit word weerspieël in die wyse waarop openbaarmaking van die begroting jaar na jaar verbeter het sedert Manuel in 1995 minister van finansies geword het.

Die dae toe die begroting net gefokus het op inkomste en uitgawes is verby. Die begroting is 'n holistiese oefening met die bestuur van bates en laste as 'n integrale deel. Trouens,

bate- en lastebestuur is die vertrekpunt vir die privatiseringsinisiatief wat nou sigbaar beslag kry.

Die fokus val onmiskenbaar daarop dat staatsbates 'n behoorlike opbrengs tot voordeel van belastingbetalers moet verdien.

Hoofstuk 5 in die begrotingsoorsig lees trouens soos Ernst & Young se jaarlikse verslag oor korporatiewe finansiering. Dit moet eenvoudig goeie nuus vir aksepanke wees.

Die Sentrale Energiefonds, een van die monumente van boere-sosialisme, het byvoorbeeld vir die eerste keer sy

finansiële state gekonsolideer en 'n dividend van R180 miljoen betaal.

Verder het Sasria, voorheen 'n soort onderlinge versekeringsfonds met 'n buitengewoon hoë solvensievlak, as maatskappy 'n herstrukturiseringsdividend van R6,2 miljard betaal. Eskom, wat baie jare lank 'n swaar las op die staat se kapitaalbronne geplaas het, sal waarskynlik in die toekoms belasting betaal en 'n dividend uitkeer.

Dit is 12 jaar nadat oud-pres. P.W. Botha vir die eerste keer die gedagte geopper het. Ongelukkig het sy planne skipbreuk gely weens druk van die boere-sosialiste.

So kan mens aangaan. George Soros, bekende multi-miljoenêr wat die konsep van 'n oop gemeenskap wêreldwyd steun, sal waarskynlik bemoedig wees deur Manuel en sy span se benadering. Die taal van konsolidasie wat normaalweg net binne die private sektor gepraat word, word nou ook in die staatsektor gehoor.

TREFWOORDE

- 1 *Basoon Deon*
- 2 *kommerse*
- 3 *Manuel T*
- 4 *keping*
- 5 *Parlement*
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10

INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat



Bron
nr.
0 7 2 8

Datum
00 02 25 05

Onderwerp
nr.
8

Knipsel
nr.
16276

finansies &
TEGNIEK

Jg..... Nr..... P..... 20 Dat. 25 FEB 2002

So het die regering goedkeuring verleen dat die rekenaartegnologie-afdelings van Denel (Ariel Technologies), Eskom en Transnet (Datavia) saamgevoeg word. En so maak al die druppels die emmervol en stel Manuel in staat om persoonlike belasting te verminder.

Goeie korporatiewe beheer in die staatsektor impliseer noodwendig goeie finansiële openbaarmaking. Dit beteken noodwendig ook die openbaarmaking van toekomstige voorwaardelike aanspreeklikhede vir die staat. Dit is nogal verrassend dat die syfer in 1999 met R22,4 miljard tot R122,2 miljard gedaal het.

Een van die interessante redes daarvoor is dat die staat se aktuariële laste ten opsigte van sy pensioenfondse van sowat R44 miljard tot sowat R5,9 miljard gedaal het. Dit is 'n dramatiese verandering, hoewel amptenare nog nie wil sê hoe dit bewerkstellig is nie.

Voorts rol die rande in vanweë die staat se fokus op die bestuur van bates en laste. Die rekeningkundige hanteling van transaksies beweeg ook weg van die bekende kontantvloei benadering, ten gunste van die toevallingsbeginsel.

Kortom, dis duidelik dat die staat nou baie meer vertrou as voorheen by buitelandse beleggers sal inboesem.

– Deon Basson

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10